Stella straat

Handelinge 2:42-46

"'n Lewe in eenvoud"

TUISADORAMUS 3 MEI 2020

Willem Nicol

Tema *"'n Lewe in eenvoud"*

Liewe Adoramusvriende,

Dit is vandag die derde Sondag na die Opstandingsfees. Ek nooi jou om tuis alleen, of saam met een of meer wat dieselfde wil doen, tyd opsy te sit om die volgende Tuisadoramus in stilte te doen.

Doen eers die tegniese:

- Stel vas hoe jy die twee stukke musiek gaan luister (en dalk kyk) waarna ek verwys. Sorg dat jy goeie klank kan hoor deur oorfone of so iets te gebruik. Die advertensies aan die begin is lastig, maar jy kry na 'n paar sekondes die geleentheid om hulle oor te spring.

1. MUSIEK:

Waar dit vandag oor eenvoud gaan, kom ons begin deur een deel van Arvo Pärt se *Spiegel im Spiegel* in sy geheel of gedeeltelik te luister. Hierdie is 'n voorbeeld van die minimalistiese musiek wat Pärt soms gemaak het. https://www.youtube.com/watch?v=JxYZu9piR64
Ek stel voor: luister met aandag tot jy voel jou aandag is rustig genoeg. Jou aandag sal nie konstant by die musiek bly nie – ons almal het maar lewendige koppe – maar as jy dit net telkens kan terugbring, is dit goed.

2. **SKRIFLESING** volgens die *Revised Common Lectionary*, saam met miljoene Christene wêreldwyd lees ons *Handelinge 2:42-46 oor die eerstes wat in Christus geglo het:*

"Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul.

Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys.

3. SKRIFMEDITASIE:

Ek nooi jou om op enige manier vir 'n tyd by hierdie gedeelte stil te staan. Jy kan byvoorbeeld kyk watter woord of frase *jou* kies, met jou praat, en jou aandag dan telkens daarna terugbring om te ervaar wat die HERE nou daardeur aan jou wil doen.

4. NADENKE:

Een van die dinge wat in hierdie gedeelte uitstaan, is die *eenvoud* en vryheid ten opsigte van die materiële. Dit was klaarblyklik nie hierdie mense se gewone leefstyl om so met mekaar te deel nie, maar die aanraking van Christus het hulle verander. Party van hulle was seker maar verknog aan wat hulle met moeite bymekaargemaak en opgepas het, maar Christus bevry hulle van hierdie verknogtheid. Ons kan nie hulle manier van alles deel in vandag se anderse omstandighede net so volg nie, maar ons kan onsself afvra wat ons doen met die bevryding wat Jesus vir hulle en ons gebring het. 'n Mens moet ook nie eenvoud oordrewe najaag nie, want dan kompliseer jy nou weer jou lewe van die ander kant af: jy sukkel te veel met gebrekkige besittings en so meer.

Jy kan nadink oor die volgende vrae:

a. Hoe materialisties is die atmosfeer waarin ons leef?
b. Wat is die diep, drywende kragte agter die moderne materialisme? (Die geweldige krag van die moderne industrie met sy oorproduksie en advertensiewese? Die feit dat baie van ons ouers arm was en ons nou wil wys ons is nie sukkelaars nie? Ons blankes se stryd om ten spyte van BEE en dergelike omstandighede stroomop te swem?)
c. Hoe beoordeel ek die morele waarde van hierdie kragte?
d. Hoe voel ek werklik oor my voorkoms, my huis en tuin, my voertuig, my finansies en dergelike dinge?

e. Wat dink ek van mense wat duidelik eenvoudiger lewe as die gemiddeld ten opsigte van hierdie dinge?
f. Hoeveel dink ek aan wat die mense van my sal dink? (Pas ek dalk aan by wat ek *dink* die mense van my dink terwyl die wat werklik so dink van my so dink omdat hulle *dink* die mense dink so van hulle?)
g. Toe Jesus saam met sy volgelinge begin rondbeweeg het, was hulle brandarm, dikwels honger of sonder onderdak. Hoe sal 'n volgeling van Jesus vandag lyk?

5. NADER AAN ONS EMOSIES:

Swaar gelaai met geld en goeters,
bekommerd oor hoe dit sal gaan.
Waar lê die pad na ligter lewe?
Dankie tog, dat ek kan ruil:
Ywer vir die wil van God in plaas van vir my eie lot.
Hy beloof *Hy* ywer Hom vir my.
Hartsverandering.
Wonderwerk van Bo.

6. MUSIEK:

https://www.youtube.com/watch?v=5ShjrHXUkII

7. GEBED:

Here,
ek hoor u woord:
Ek kan U en Mammon nie albei dien nie.
Wie dien ek?
Is dit vir my om te sê?
Ons almal jaag na welvaart,
klou daaraan, bekommer ons daaroor.
Is ek net so besorgd oor u saak,

of is ek 'n slaaf?
Here, ek smeek U, maak my vry!

8. WOORDKUNS:

Nothing

Oh, to be nothing, nothing
Only to lie at His feet
A broken and emptied vessel
For the Master's use made meet
Emptied that He might fill me
As forth to His service I go
Broken, that so unhindered
His life through me might flow

It takes solitude, under the stars, for us to be reminded
Of our eternal origin and our far destiny

***9.* SLOTGEBED:**

Lied 652:2

By U laat ek met stil vertroue
al my bekommernis vannag;
u Gees sal my in dié vertroue
ook voortlei in die nuwe dag!
U self stel aan die Bose perke;
U het ons vir u diens bevry.
Laat doen ons, Heer die goeie werke
deur Jesus vir ons voorberei.

AMEN